# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**AUGUSTUS 2019**

**PROEFEKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *16* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A :** **LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKELS**

**TEKS A**

Lees die artikels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# ODE aan die WIT ZOELOE

***Die gewilde musikant, Johnny Clegg, wat reeds twee jaar teen pankreaskanker veg, is besig met 'n laaste reeks optredes wêreldwyd. Ons was gelukkig om 'n onderhoud met hom te kry.***

***Deur ILSE SALZWEDEL***

**Johnny Clegg (64) se blou oë lyk vandag effens hartseer en sy kenmerkende bos krulhare is yler, gryser en vreemd reguit, waarskynlik weens die intensiewe chemoterapie van die afgelope twee jaar.**

**Dis 'n warm lentemiddag en ek en sewe ander joernaliste sit saam met Johnny om 'n tafel op die stoep van 'n Sandtonse hotel. Die okkasie is die aankondiging van Johnny se laaste wêreldtoer, gepas genoem "The Final Journey". Niemand sê dit nie, maar ons almal besef ons beleef waarskynlik 'n stukkie geskiedenis, want sy publisiteitspan het ons gewaarsku dat die kans skraal is dat dié ster ná vandag nog enige perskonferensies sal hou, of persoonlike onderhoude sal toestaan. Want die geliefde wit Zoeloe, soos hy die afgelope veertig jaar al bekend staan, veg die afgelope twee jaar reeds teen pankreaskanker. Ná hierdie laaste musikale reis na al die uithoeke van die wêreld, gaan hy uittree. Hy wil die tyd wat hy oor het aan sy gesin wy en hopelik sy outobiografie skryf.**

**Dis duidelik dat vanjaar se tweede rondte intense chemoterapie en 'n groot operasie 'n kwaai fisieke tol geëis het van die man wat byna net so bekend is vir sy energieke Zoeloedanse as vir sy musiek. "Dis nou klaar. Hulle kan nie nog chemo doen nie," vertel hy sonder om doekies om te draai. "Daarom het ek besluit om hierdie tyd waarin ek nog goed voel, te gebruik om tot siens te sê aan almal wat my op hierdie musikale reis ondersteun het."**

**Maar, erken hy, dis nie maklik nie. Nie net op emosionele vlak nie, maar ook fisies. Sy dunderm, galbuise en galblaas is reeds verwyder en ook die helfte van sy maag en pankreas. "Ek voel nou goed, maar natuurlik kan enigiets enige dag**

**verander. Die chemoterapie skep soms mos dikwels by 'n mens die illusie dat alles oukei is. Ek leef sedert my diagnose byna in 'n soort parallelle heelal en dit het beslis gemaak dat ek dinge meer waardeer."**

**Wanneer Johnny eers oor sy musiekloopbaan gesels, lyk dit of daar 'n lig in hom aangeskakel word. Sy oë vonkel en hy lag maklik en hartlik wanneer hy staaltjies uit sy loopbaan deel. Sy entoesiasme laat 'n mens van die kanker vergeet en jy dink net aan die merkwaardige visie, talent en vasbyt van die man voor jou.**

**Hy het sy wêreldtoer sedert die begin van die jaar in fases aangepak. "Ek wil niks doen wat my fisieke toestand kan vererger nie." Vir Johannesburg het hy 'n ekstra konsert bygesit, 'n klomp vriende genooi om die verhoog met hom te deel én die kaartjiepryse verlaag sodat soveel moontlik aanhangers dit kan bywoon. Onderhandelinge was ook aan die gang om 'n konsert in die Jabulani-teater in Soweto te hou. "Dis immers waar alles vir my en Sipho (Mchunu) en Juluka begin het." Hy was in standerd nege toe hy en Sipho die eerste keer in die Grootsaal by Wits opgetree het. "Ek sal nog een maal graag daar wil optree, net vir my eie emosionele afsluiting."**

**Hy is sigbaar emosioneel toe hy vertel van 'n optrede in Kaapstad waar die gehoor van sowat vierduisend mense hom staande toegejuig het toe hy op die verhoog stap. Hy sluk swaar, bly 'n oomblik stil. "*I just choked up*. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Dis nogal 'n ontnugtering wanneer jy op die verhoog staan en dink dis dalk jou laaste konsert hier. Maar ek is dankbaar vir die veertig jaar wat ek gehad het om interkulturele musiek te maak, om met my musiek te wys ons is almal mense, ons sê almal dieselfde ding, net op verskillende maniere."**

**Wanneer hy oor sy seuns praat, hoor jy die entoesiasme en trots. "Ek en Jesse het nou 'n liedjie saam opgeneem, en wanneer ons dit sing, kry ek terugflitse van hom as 'n driejarige wat op die verhoog stap, fopspeen in die mond en met my konsertina in sy hand."**

**Jaron, sy ander seun, is 'n opgeleide rolprentmaker wat tans in Los Angeles werk. Hy was juis verlede jaar verantwoordelik vir 'n asemrowende konsep en video vir een van sy pa se liedjies.**

**Daar is nog soveel wat hy saam met sy seuns en Jenny, sy vrou van die afgelope 29 jaar wil doen. Maar vir nou is dit hy en die aanhangers en die musiek. Vir oulaas...**

**(UIT: *rooi rose* Desember 2017, Bl. 28 & 29)**










# Sanger Johnny Clegg oorlede

*16 Julie 2019 (https://maroelamedia.co.za/2019/07/16)*

**Die sanger Johnny Clegg is Dinsdag op die ouderdom van 66 oorlede.**

**Clegg is in 2015 met pankreaskanker gediagnoseer, berig eNCA. Clegg se bestuurder het aan EWN bevestig die sanger is vanmiddag oorlede.**

**Clegg is 'n Britsgebore Suid-Afrikaanse Afropop-musikant en voormalige anti-apartheidsaktivis. Hy was 'n lid van die musiekgroepe Juluka en Savuka. Hy het ook bekendgestaan as Le Zoulou Blanc (die wit Zoeloe). Sy treffers het "Scatterlings of Africa", "Impi" en "Spirit of the Great Heart" ingesluit.**

**Verskeie eredoktersgrade en humanitêre pryse is aan hom toegeken, onder meer die Chevalier des Arts et Lettres van die Franse regering (1991), die Orde van Ikhamanga van die Suid-Afrikaanse regering (2012) eredoktorsgrade van die Universiteit van die Witwatersrand (2007) en die Universiteit van KwaZulu-Natal (2013).**

**Hy is op 7 Junie 1953 in Bacup, Lancashire in Engeland gebore. Hy het hom in 1965 in Johannesburg gevestig waar Zoeloe-straatmusiek en tradisionele Zoeloe-danse sy belangstelling gewek het. Hy het as jong man sy musikale loopbaan met studie in antropologie gekombineer.**

| WOORDEBOEK | (HAT) |
|---|---|
| *An-tro-po-lo-gie.* | Leer van die mens; rasse-mensekunde. |
| Hu-ma-ni-tê-re. | Menseliewendheid, welwillendheid. |

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Hoe oud was Johnny Clegg toe hierdie artikel oor hom geskryf is? (1)

1.2 Gee die naam van die voorstad waar die joernaliste vir Johnny ontmoet het. (1)

1.3 Waarom het Johnny se hare 'n bietjie anders as gewoonlik gelyk? Haal 'n frase van tien woorde aan wat die oorsaak hiervan kon wees. (1)

1.4 **Die rede waarom die joernaliste vir Johnny ontmoet, is omdat hy vir die wêreld van sy kanker wou vertel.**

Haal 'n sin uit die artikel aan om hierdie stelling **ONWAAR** te maak. (1)

1.5 Verduidelik waarom die joernaliste gevoel het hulle "beleef waarskynlik 'n stukkie geskiedenis"? (1)

1.6 Watter twee dinge hoop Johnny om te doen wanneer hy ná sy wêreldtoer uittree? (2)

1.7 Watter energieke bewegings het Johnny saam met sy musiek uitgevoer? (1)

1.8 Wat doen chemoterapie vir 'n mens? (1)

1.9 Waarom het Johnny se oë gevonkel toe hy oor sy musiek begin praat het? (1)

1.10 Hoe oud was Johnny toe hy en Sipho vir die eerste keer in die Grootsaal by Wits opgetree het? (1)

1.11 Om watter rede wou Johnny weer 'n konsert in die Jabulani-teater in Soweto hou? (1)

1.12 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord, bv. 1.12.1 D.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 "Hulle kan nie nog chemo doen nie." | A. Dit het hom baie emosioneel gemaak. |
| 1.12.2 "Nie net op emosionele vlak nie, maar ook fisiek." | B. Niemand weet wat verder sal gebeur nie. |
| 1.12.3 "Maar daarna is dit niemandsland" | C. Die dokters kan niks verder vir hom doen nie. |
| 1.12.4 "I just choked up" | D. Hy word baie gou moeg. |
| | E. Hulle moes baie van sy ingewande uitsny. |

(4)

1.13 Watter plek, dink jy, laat Johnny voel hy kan vir ewig aanhou en nie moeg of siek raak nie? (1)

1.14 **Die gehoor in Kaapstad het Johnny baie goed laat voel.**

1.14.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? JA/NEE?

1.14.2 Verduidelik in jou eie woorde wat hulle gedoen het. (1)

1.15 Verduidelik watter tipe werke Johnny se seuns doen. (2)

1.16 Wat is die doel van die ellips aan die einde van die eerste leesstuk? (1)

1.17 Wat het op 16 Julie 2019 gebeur? (1)

1.18 Volgens die tweede artikel, waar is Johnny gebore? (1)

1.19 Wat was Johnny se bynaam in Frans? (1)

1.20 Haal een woord aan wat vir ons sê wat Johnny gestudeer het wat bewys dat hy meer van mense wou leer. (1)

**SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: MOEDELOSE OUERS**




**[Uit: netwerk24.com]**

1.21 Hoe kan ons aan die ouers se liggaamshouding sien hulle is moedeloos? (1)

1.22. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord, bv. 1.22 C.

**"Natuurlik het ek Geskiedenis gepluk, Pa", beteken**

A. hy het die hoogste punte in die vak gekry.
B. hy het feite uit die lug gepluk.
C. hy het die vak gedruip.
D. hy het sy ouers se geduld bepoef. (1)

1.23 Die volgende stelling is WAAR.

**Die seun is baie onnetjies.**

Verduidelik na aanleiding van die spotprent waarom ons só kan sê. (1)

1.24 Wat het die pa gelees om hierdie inligting oor sy seun se Geskiedenispunte te kry? (1)

1.25 Hoe beklemtoon die seun die feit dat die dinge in die Geskiedeniseksamen baie lank voor sy tyd gebeur het? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke oor **wat jy moet weet voor jy 'n poolhond aanneem**, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**Dít moet jy weet voor jy 'n poolhond aanneem.**

Baie poolhonde word as troeteldiere aangeneem net om later aan hulle eie lot oorgelaat te word. Hier volg 'n paar wenke om in aanmerking neem voordat jy 'n poolhond aanneem.

Hulle word geteel om lang afstande te hardloop, is uiters energiek en het hope daaglikse oefening nodig. Indien jy hulle nie oefening laat kry nie, kan hulle vernielend raak. As jy in 'n woonstel of klein eiendom bly, is 'n poolhond nie die regte hond vir jou nie.

Hulle dik pels beteken hulle verloor baie hare, veral in 'n warmer klimaat – wees dus voorbereid om baie te stofsuig. Dit sal help as jy jou hond daagliks borsel. Moenie hulle ooreis in warm weer nie, want hulle kan maklik oorverhit.

Hulle is tropdiere en soek dus van nature na 'n leier. Jy moet daardie leier wees of die hond sal oorvat. Gehoorsaamheidsklasse word aanbeveel sodat hulle verstaan jy is baas.

Hulle het sterk roofdierinstinkte, wat beteken klein troeteldiere soos katte, hamsters, hasies en voëls is kwesbaar. Hulle kom oor die algemeen goed oor die weg met ander honde.

Poolhonde is vriendelik, spelerig, liefdevol en intelligent, maar ook hardkoppig en onafhanklik. As jy hulle die leiding laat neem, kan hulle dalk nie terugkeer wanneer jy hulle roep nie. Hoewel hulle kwaai kan lyk, blaf hulle nie baie nie en is dus nie die beste waghonde nie.

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**

(3.1) **VERLOOR GEWIG**

(3.2) *OP DIE MAKLIKE MANIER!*

(3.3) **SUPERDOELTREFFENDE**



**DIET AID**

(3.5) ***Tablette***

**Net 'n paar tablette per dag vir natuurlike en veilige beheer**

(3.4) **van u eetlus**

Beskikbaar by u apteek of gesondheidswinkel.

Skakel inligtingslyn: 083 425 1868

www.herbexhealth.com

Alleen doeltreffend indien gebruik saam met 'n gebalanseerde, energiebeheerde dieet.

3.1 Waarom is die opskrif in die grootste font getik? (1)

3.2 a. Wat probeer die adverteerders met die woorde: "Op die maklike manier" sê? (1)

b. Wat word die leesteken aan die einde van hierdie sin genoem? (1)

3.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

**"Superdoeltreffende"** sê vir ons

A. dit werk redelik goed.
B. dit werk nie juis nie.
C. dit werk fantasties.
D. dit werk net met sekere goed. (1)

3.4 Die adverteerder gebruik die woord "u" wat baie formeel is. Watter woord kon hulle gebruik het om dit minder formeel te maak? (1)

3.5 Gee 'n sinoniem vir die woord "tablette". (1)

3.6 Sal die foto mense oortuig dat die produk werk? Verduidelik. (1)

3.7 Watter spesifieke produk word hier geadverteer? Gee die naam daarvan. (1)

3.8 Noem een plek waar jy hierdie produk sal kan koop. (1)

3.9 Watter waarskuwing word aan jou gerig in hierdie advertensie? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E




4.1 Gee die verkleinwoord vir "blom". (1)

4.2 Hoe sou jy die seun in die eerste raampie se gevoelens beskryf? (1)

4.3 Hoe weet jy Hägar is kwaad in die derde raampie? (1)

4.4 Herskryf Hägar se woorde in raampie 3 in die korrekte woordorde.

"Dit weet jy nie." (1)

4.5 Kies die korrekte woord. Skryf net die nommer en woord neer.

Ons kan in die laaste raampie sien die seun (belowe/glo) Hägar nie. (1)

4.6 Hoe kan ons letterlik in raampie 1, 2 en 6 sien hierdie seun is baie verlief? (1)

4.7 Gee die korrekte vorm van die deelwoord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die (loop) water in die agtergrond is pragtig. (1)

4.8 Gee die intensiewe vorm vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die meisie met die blom is (baie skoon). (1)

4.9 Hoe beklemtoon die seun in die laaste raampie sy gedagte? (1)

4.10 Skryf die seun se woorde in die laaste raampie in die Ontkenning oor.

"Ek dink ek is 'n idioot." (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**5.1** Lees die tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

## BÝNA DOOD AGTER SKERMS

## Emilia Clarke het (5.1.1)___ haar agt jaar as Game of Thrones-ster twee (5.1.2) <u>brein</u>-aneurismes gehad en amper haar lewe verloor.

Saamgestel deur **NICIDE DE WET**

**(5.1.3) (Sy is veral bekend as Khaleesi of the Great Grass Sea, Breaker of Chains en Mother of Dragons) – een van (5.1.4) die (formidabel) vroue wat die kassie nóg gesien het.**

**Maar deesdae is dié (5.1.5) <u>koningin</u> wat eers slawe bevry het, bekend as die Mad Queen nadat sy in die voorlaaste episode van die (5.1.6) (agt) en laaste seisoen van**

**die trefferreeks Game of Thrones met een woord – "Dracarys!" – haar vuurspuwende (5.1.7) <u>draak</u> aangehits het om derduisende onskuldige mense koelbloedig af te maai.**

**(5.1.8) (Haar kortstondige terreurbewind kortgeknip op dramatiese wyse is) toe Jon Snow – toe die hele tyd die regmatige maar onwillige troonopvolger van die Seven Kingdoms - haar verraai en doodsteek. En die laaste sien van die eens gewilde en toe gewraakte karakter was toe haar laaste oorlewende draak haar liggaam wegvoer...**

**Weg van die kameras van dié Emmy-bekroonde reeks het die aktrise Emilia Clarke (5.1.9) (32) ook haar donkerste stryd gevoer. Maar anders as haar karakter, het (5.1.10) ___ geseëvier.**

**(5.1.11) (Die Britse (5.1.12) <u>aktrise</u>, wat al <u>agt jaar</u> die rol van Daenerys Targaryen vertolk), het onlangs onthul (5.1.13) (sy het twee brein-aneurismes oorleef sedert sy aan die reeks begin werk het.) (5.1.14) (Die tweede een het amper haar lewe gekos.)**

[Verkort uit ***Huisgenoot*** 30 Mei 2019]

5.1.1 Gee die ontbrekende voorsetsel wat in die sin sal pas.

**Emelia Clarke het ___ haar agt jaar as Game of Thrones-ster twee brein-aneurismes gehad.** (1)

5.1.2 Emelia het twee <u>brein</u>-aneurismes gehad.

**Gebruik die homofoon "bruin" in 'n sin.** (1)

5.1.3 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

**Sy is veral bekend as Khaleesi of the Great Grass Sea, Breaker of Chains en Mother of Dragons.** (1)

5.1.4 Gee die oortreffende trap van vergelyking vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

**Sy is een van die (formidabel) vroue wat die kassie nóg gesien het.** (1)

5.1.5 Gee die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

**Maar deesdae is dié <u>koningin</u> wat eers slawe bevry het, bekend as die Mad Queen.** (1)

5.1.6 Gee die rangtelwoord vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

**Dit is die (agt) en laaste seisoen van die trefferreeks Game of Thrones.** (1)

5.1.7 Gee die meervoud vir die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord.

**Sy het die <u>draak</u> aangehits om derduisende onskuldige mense koelbloedig af te maai.** (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin oor in die korrekte woordorde.

**Haar kortstondige terreurbewind (kortgeknip op dramatiese wyse is).** (1)

5.1.9 Skryf die getal in hakies voluit neer. Skryf net die nommer en die antwoord.

**Die aktrise Emilia Clarke (32) het ook haar donkerste stryd gevoer.** (1)

5.1.10 Vul die korrekte voornaamwoord in. Skryf die nommer en die antwoord.

**Maar anders as haar karakter, het ___ geseëvier.** (1)

5.1.11 Skryf die sin oor en stel die vraag sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

**Die Britse aktrise vertolk <u>agt</u> jaar die rol van Daenerys Targaryen.** (1)

5.1.12 Gee die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

**Die Britse <u>aktrise</u> vertolk al agt jaar die rol van Daenerys Targaryen.** (1)

5.1.13 Skryf die volgende sin in die direkte rede.

**Sy sê sy het twee brein-aneurismes oorleef sedert sy aan die reeks begin werk het.** (1)

5.1.14 Skryf die volgende sin oor in die lydende vorm.

**Die tweede aneurisme het amper haar lewe gekos.** (1)

**5.2** Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



5.2.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Langs die bed staan 'n (lamp waarmee 'n mens lees). (1)

5.2.2 VOLTOOI die sin hieronder. Skryf die sin weer oor.

Ons weet die tiener wat hier slaap, hou van sport, want daar is ... (1)

5.2.3 Vorm die samestelling van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord.

Die meisie wat in hierdie kamer slaap, gaan na 'n (meisie+skool). (1)

5.2.4 Gee een woord vir die volgende:

Al die lakens, duvet en kussings, noem ons .... (1)

5.2.5 Verdeel die onderstreepte woord in lettergrepe. Skryf net die nommer en die antwoord.

Hierdie is 'n mooi <u>slaapkamerstel</u>. (1)

5.2.6 Vorm die persoonsnaam van die woord tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

As daar 'n (besoek) kom, sit hulle sommer op die bed of op kussings. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40

SOMTOTAAL : 80